DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 88
2068 1708

Jaargang 31 Nr. 11 piketberg.bergriviertourism.co.za Desember 2024 ☎ 022 913 1796

facebook Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

Vir Afrikaans in Afrikaans

Retha van Deventer, Hester Steenkamp en Cobus Kruger

"in my are vloei 'n algoritme brokkies oorgedra deur generasies van afrikanerpatriotisme..."

So skryf Retha van Deventer van Piketberg in haar gedig Afrikanerpatriotisme. Dit word weerspieël in haar prestasies van die afgelope jaar.

Retha het saam met twee vriende, Hester Steenkamp van Mariental en Cobus Kruger van Kemptonpark, (sien foto) besluit om aan soveel as moontlik Afrikaanse Digkompetisies deel te neem gedurende 2024 om Afrikaans te bevorder en in hul skryf- en digwerk te groei. As bonus word haar gedigte opgeneem in verskeie bundels waarvan drie reeds op haar boekrak staan en twee gedurende 2025 gepubliseer word en is sy deur Bibi Slippers genooi na die US Woordfees waar sy drie van haar gedigte voorgelees het.

Sy word na verskeie glansgeleenthede genooi vir die bekendmaking van akkolades en verwerf onder andere:

- die Totius-prys vir haar gedig Taal-Tornado by GHA in die afdeling Taal en Kultuur. Dit word voorgehou deur die stemkunstenaar Dr Nico van Niekerk en 'n youtube video daarvan is geskep deur Boermedia.
- 'n derde plek by Skryf in Afrikaans as nuweling van die jaar

In totaal word veertien van haar gedigte gepubliseer in: Ons Klyntji, Merang, AVBOB, Inkspraak 5 (vyf gedigte) en Stemme uit die Suiderland XIX (ses gedigte).

Piketberg se koerant vir Piketberg se Mense…...

Elna Strauss sê dankie	...p2
Morrie die Entrepreneur	...p4
Mr Charity 2024	...p6
Info agter bib glas	...p8
Calendula Vriendskaptafel	...p10
Oud PHS'ers in Frankryk	...p12
Kersgeskenke	...p15
PHS Musiek	...p16
PHS Prestige Aand	...p18

Redaksioneel

Mensies…

Wanneer ons familie bymekaar is, gewoonlik rondom 'n etenstafel, sal iemand sê: "Mensies, ons is bevoorreg." Almal glimlag en onthou Pa Jaap se woorde wat soos 'n geskenk ná sy dood kort-kort oopgemaak en geniet word, dan weer toegedraai, tot iemand dit weer oopmaak. 'n Nalatenskap wat seker maak ons word herinner aan dit wat goed is, reg gaan, voldoende is en vervulling bied. Mensies, hierdie Kersfees is 'n tyd vir weet dat ons bevoorreg is en dit wat jy het, met jou mense kan deel...jou gasvryheid, jou glimlag, jou gemoedelikheid, jou gawes, jou gesels, jou geduld en jou goeie gees. En as jy boonop so bevoorreg is om geskenke te gee, gee dit met gulhartigheid. En as jy so bevoorreg is om geskenke te kry, aanvaar die gebaar met grasie. En wanneer jy 'n koel lafenis op jou vel voel, die skoonheid van die skepping bewonder, iemand se lag hoor, iets kan koop, iets kan eet, iewers kan bly, êrens heen kan ry, 'n vriend kan bel, vir 'n naaste kan bystaan, onthou Pa se woorde: "Mensies, ons is bevoorreg".

En glimlag.

Liefde
Marietha

Die volgende Piketberger is die Februarie uitgawe en verskyn op 6 Februarie 2025. Sperdatum is 28 Januarie 2025. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

Die Piketberger Redaksie

Berigte, foto's en proeflees: Marietha Goosen
☎ 022-913 1796
Uitleg: Nikki Watson
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Volblad: *R550* ***Halfblad:*** *R390*
Kwartblad: *R270* ***Agsteblad:*** *R190*
Ander groottes op aanvraag.

Marietha Goosen

Nikki Watson

Briewe van ons lesers…

Elna Strauss skryf …

Ek wil sommer net vandag dankie sê vir Marietha wat so gereeld *Die Piketberger* vir my aanstuur. Ons is nou al meer as 5 jaar weg uit Piketberg en ek sien nog elke maand uit daarna.
Al ken ek al hoe minder gesigte is dit tog ook lekker om te sien hoe kennisse, bure, kliënte en oud kliënte se kinders presteer.
Ook lekker om terug te gaan in die verlede na die 20jr terug se beriggies. Al die ander bedrywighede en interessante nuusberigte op my ou tuisdorp laat my hart warm klop.

Groete uit die Paarl

Ons Skepper God

Met die Kerstyd net om die draai, herdenk ons weer die koms van Jesus, as 'n mens, om tussen ons te kom woon en werk. Talle van Sy wonderwerke, wat ons nou nog ondervind, maar soms nie herken nie, vind steeds plaas. Onthou die Gees is altyd met ons, oral. Sê jy genoeg DANKIE! Van September af het Moeder Natuur haar deure oopgegooi vir ons om dit te geniet.Ons Skepper God, wat van die kleinste blommetjies 'n sonskynfees maak. Ek kyk om my heen, waar ek tussen die Namakwaland daisies sit. Ons Piketbergers is baie bevoorreg. 'n Pragtige statige berg. Daar groei die mooiste proteas en fynbos. God het aan mense die kennis en insig gegee, om die wonderlikste spesies te kweek. Vanaf die fyn heideblommetjies, die "blushing brides", tot die suikerbos. Ook die speldekussings, wat 'n gepaste naam het met uitbundige kleure. Om daar te stap is 'n avontuur van plesier. DANKIE! Kan jy jouself indink dat God die Skepper reeds duisende jare gelede die paradys, die Tuin van Eden gevorm het? Dit alles geskep, net sodat ons in 'n wonder-wêreld kan woon? Sommige mense het "groen vingers". Ek het so 'n persoon geken. Sy was 'n ware omgee mens vir oud en jonk. Tuinmaak was haar voorliefde. Sy gooi 'n droë blombos onderstebo op die komposhoop. 'n Paar dae later, maak sy nat en daar kom sommer 'n pragtige nuwe spriet met 'n goudgeel blommetjie te voorskyn. Sy het op 41-jarige ouderdom verongeluk. Haar ma het in die Troosdienskaartjie geskryf: "Sy was een van die mooiste blomme in 'n aardse tuin. God wou haar pluk om vir altyd by Hom te woon. Sy het die gawe van God ontvang en dit uitgeleef, om baie mense te laat glimlag."Ons Skepper God doen wonderlike dinge, om van ons gelukkige, vreugdevolle, liefdevolle mense te maak. Prys Hom met vrolike sang en musiek. Elke keer wanneer jy 'n blommeprag aanskou, sien jy dat Jesus self ook so tussen die veldblomme sou sit, met 'n sagte glimlag op sy gesig en kindertjies om Sy voete! Sekerlik het Hy vir Sy Vader dankie gesê vir die blommeprag.
KERSTYD = LIEFDE, VREDE en DANKBAARHEID

Groetnis – Anita

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop R26 000 000

616.6Ha | Koring- en veeplaas,
Wittewater, Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop R2 900 000

3 Slaapkamer Huis | 3.5 Badkamers
Akkerstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R2 900 000

3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Proteastraat, Piketberg
Kontak Sandra: 082 531 1617

Te Koop R2 095 000

3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Kellermanstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R600 000

Erf | 2 000m²
Industriële Area, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Huur R7 600 p/m

1 Slaapkamer Woonstel | 1 Badkamer
Kerkstraat, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

VLV Besoek Riebeek

Donderdag, 10 Oktober 2024 vertrek 14 Piketberg VLV dames met baie opgewondenheid na Riebeek Kasteel en Riebeek Wes. Landbou portefeulje reël ‘n heerlike uitstappie vir die September-vergadering. Eerstens word aangedoen by Eight Feet restaurant vir oggend koffie en besigtiging van die klein boetiekwinkeltjies daar. Dis heerlik koel en ‘n pragtige uitsig oor die vallei.Van hier vertrek die bussie na Het Vlock Kasteel. Dames verlustig hul in al die olyfprodukte en kan al die produkte proe voordat daar inkopies gedoen word. Na ‘n fotosessie en inkopies stop die bussie vir ‘n uur in die dorpie Riebeek Kasteel. Dames loop orals rond in al die klein winkeltjies en geniet die mooie verskeidenheid van die platteland! Nou is almal redelik uitgehonger vir ‘n heerlike middagete. Die groep arriveer by Marra’s Italiaanse restaurant in Riebeek Wes. Hier word ons vriendelik ontvang en gou word almal doodstil omrede elkeen ‘n smaaklike gereg geniet! Baie dankie aan die personeel, sowel as die bestuurder van die bussie! So ‘n dames-uitstappie was wonderlike geselskap en manna vir die siel!

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri

Morrie die Entrepreneur

Villiers Morrison het 'n hele paar besighede wat hy bedryf, soos elke maand in sy advertensie te sien is. *Die Piketberger* het gaan hoor by dié entrepreneur hoe sy sake werk. Hy sê om jou eie besigheid te hê is harde werk en verg baie dissipline. Nuwe besighede neem tussen twee en vyf jaar om wins te toon. Solank jy jou huidige kliënte kan behou en nuwes bykry, sal jou besigheid groei. Wanneer daar 'n behoefte in 'n area is vir 'n diens of 'n produk en jy dit kan lewer teen 'n bekostigbare prys, en daar genoeg mense is wat dit ondersteun, kan dit 'n goeie besigheidsgeleentheid wees.

Carnival Candy floss and flavors het hy in 2010 begin toe hy sy eerste masjien as 10 jarige aankoop. By skole, geleenthede en Saterdagoggende in die dorp, het hy verkoop tot hy 15 jaar was. Op 26 haal hy toe eers weer die masjien uit die stoor vir 'n ekstra inkomste tydens sy studentedae in die Kaap. Hy het sy studies hervat ná 3 jaar oorsee. Met die hulp van iemand, verbeter hy die verpakking sodat die raklewe van 4 dae na 4 weke verleng. Ná sy studies, hou hy aan met die besigheid, verander die naam na Carnival Candy floss, kry 'n webtuiste en bedryf die besigheid sedertdien voltyds. Die meeste kliënte koop grootmaat aan en verkoop teen 'n wins by hulle geleenthede - dis van oraloor in Suid-Afrika. Mense kom tel op of hy lewer self af Vrydae in die Kaap en omliggende dorpe, of die produk word gekoerier.

Piketberg Koerier op Vrydae begin in 2019. Met sy weeklikse uitstappies na die Kaap en omgewing om sy produkte af te lewer, word dit 'n besigheid om pakkies heen en weer te karwei vir kliënte van Piketberg, Sandveld, Porterville, Moorreesburg ens.

Morrie's Place InTown begin in 2022, nadat hy eiendom

koop in Piketberg. Hy bou 'n kamer en badkamer aan met 'n aparte ingang om op korttermyn te verhuur aan toeriste, kontrakteurs wat werk in die area asook mense wat net 'n bietjie wil wegbreek van die stad of hulle omgewing. Hy kry kliënte van oral in Suid-Afrika, Namibië en Europa.

Maxiblend Smart Food is sy jongste besigheid sedert begin 2024. Dis 'n uiters bekostigbare, smaaklike en gebalanseerde maaltyd in 250g pakkies.

MORRISON TRADERS

Cell/Whatsapp: 072 319 8996 Email: gdvmorrison@yahoo.com
Fax: 086 274 4227 Web: www.carnivalcandyfloss.co.za

Werk/Reis/Wegbreek

Morrie's Place InTown (Piketberg)
Gastekamer - Netflix en 'n Uitsig

- Badkamer met aparte ingang -
- Stoof met warm plate -
- Gratis Wi Fi - Braaiplek - Mikrogolf
- 2 x enkelbeddens - Kroeg Yskas
- Selfsorg - Swembad - Veilige Parkering -
Netflix TV - Plaas staproete -

Maxi blend smart food
(Piketberg omgewing)

Ons verskaf 'n uiters bekostigbare, smaaklike en gebalanseerde maaltyd.

Perfek vir:

- nagskuilings
- Skole
- Klinieke
- Sopkombuise
- Enige huishoudings se spens
- Kinderhuise
- Plaaswinkels

Produk is: Suikervry, Vetvry, Hoog in vessel, Lae GI, Hoog in proteine, Geskik vir diabete

Whatsapp: 072 319 8996 (Villiers)
Email: gdvmorrison@yahoo.com

Like us on Facebook

Piketberg koerier
Vrydae

Wil jy dalk iets op facebook market place/ gumtree ens koop? (Kontant optel beskikbaar)

Ek tel en laai pakkies af/op, Vrydae in die Kaapse voorstede en omliggende dorpe

Hanteer en lewer ook besigheids en privaat pakkies af, vanaf Piketberg / Moorreesburg / Malmesbury na Kaap en omliggende dorpe

Carnival Candy Floss / Spookasem

Partytjies - Promosies - Skole - "Baby showers" - Nagereg menu - Markies - Donasies - Kinder speelparke - Winkels - Troues - meer

www.carnivalcandyfloss.co.za

Mnr Charity 2024

Mr Charity 2024: Joshua Andries

In Oktober vanjaar is 'n Piketberger,Joshua Andries, gekroon as Mr Charity tydens 'n skoonheidskompetisie in Kuilsrivier. As 'n uitstaande deelnemer het Joshua die beoordelaars beïndruk met sy passie vir gemeenskapswerk, sy toewyding tot liefdadigheid en sy charismatiese teenwoordigheid op die verhoog.

Joshua, wat as Ambassadeur van FURM MODELS SOUTH AFRICA optree, sien hierdie titel as 'n groot verantwoordelikheid. Met sy Mr Charity 2024-kroon begin hy 'n jaarlange reis van liefdadigheidswerk oor verskeie gemeenskappe, stede en organisasies. Sy missie? Om die visie en doelwitte van kerke en liefdadigheidsorganisasies te bevorder deur hul doelwitte op sy sosiale media platforms te deel, en om sy hulp aan te bied in die beplanning en uitvoering van suksesvolle liefdadigheidsgeleenthede.

As Mr Charity 2024 sal hy sy platform gebruik om hul missie en visie te ondersteun, meer bewusmaking te skep oor hul werk en te verseker dat hulle sukses behaal. Hierdie toewyding tot liefdadigheid en gemeenskapsdiens sal die fokus van sy bewind as titelhouer wees. Opwindende ontwikkelinge lê ook voor, aangesien FURM MODELS SOUTH AFRICA na die Weskus uitbrei. Joshua, benewens sy rol as ambassadeur, gaan ook die skoonheidskompetisie-afrigter vir alle ouderdomme in hierdie streek wees. As 'n skoonheidskompetisie-choreograaf en afrigter, sal Joshua voornemende deelnemers lei in die wêreld van skoonheidskompetisies en hulle help om die selfvertroue en vaardighede te ontwikkel wat nodig is om in kompetisies uit te blink.

Iets interessants om te deel?

Artikels - Plaaslike Nuus - Rubrieke - Funksies - Vermaak - Foto's - Iets Interessants
Laat weet vir ons by diepiketberger@gmail.com

Munga Manne

Rossouw van Niekerk, Dave Jones, albei van Piket Implemente en Jacobus Liebenberg van Liebco, slaggereed voor hulle vertrek Woensdag 27 Nov om die meer as 1000km Munga fietsuithou ren te begin. Hulle vlieg na Bloemfontein terwyl hulle fietse met 'n Paarlse maatskappy vervoer word. Elkeen ry teen sy eie pas en het 120 uur, van Woensdagmiddag 12h tot Maandagmiddag 12h op 2 Desember om klaar te maak in Wellington. Die vierde ryer is Joseph Richter, 'n boer van Porterville, wie se 3de Munga dit sal wees. Rossouw en Dave ry tbv ACVV Piketberg. Met die ter perse gaan is verneem dat al vier deelnemers binne die tyd klaargemaak het Rossouw, Jacobus en Joseph is boorlinge van Piketberg en oud-PHS'ers.

Bergrivier Dental
TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK
PIKETBERG CITRUSDAL VELDDRIF
Dr Herold Truter, Dr Saskia Smalberger, Dr Jasper Müller en Bendert Smit help graag met enige van die volgende prosedures:
- Mondhigiëne: Skaleer & Poleer
- Algemene en voorkomende tandheelkunde
- Herstellende tandheelkunde
- Ortodontiese tandheelkunde
- Mondchirurgie
- Kosmetiese tandheelkunde
- Bleikings & Mondskerms
Skakel ons gerus vir 'n konsultasie
Piketberg 022 913 1630
Citrusdal 022 921 3110
Velddrif 022 783 0092
www.bergrivierdental.co.za

BIERMAN GROUP
OPTOMETRISTS

2 FOR 1 PROMOTION

Get a free pair of prescription sunglasses

When you test your eyes and have specs made. **T's & C's apply**

www.biermangroup.co.za

Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd

Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St

Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St

Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede - Desember 2004
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
20 bladsye Donasie R1,00
Rubrieke Briewe van ons lesers, Uit Jannie se pen

Voorblad: Trippe Trappe hou Kersppel met Christof en Micaela Smith as Josef en Maria.
(Die herders is Harry Roux, Jac Goosen en Chris Rheeder. Die wyse manne is Bendert Smit, Corné Smith en Barend Smit.)

Oud-PHS'ers behaal graad: Sybil Eksteen, Stephanie Kotzé en Lizelle Strauss.
Lya Constable tree na 45 jaar diens by Leliehof af.
Eunice Ruthven-Brijns is die gasspreker by ACVV se afsluitingsfunksie.
Bas Rennings van Utrecht, Nederland, en 'n gas by Praktika, hanteer die onderwerp: Die Mobilisering van Menslike Hulpbronne.
Thys en Selma Basson is ná 17 jaar weer terug op Piketberg.
Piketberg het 'n gedugte Verkeersspan: Deon Lambrechts, direkteur, Buks Beukes, Prens Galant, Johan van Lill en Jacobus Olivier.
Erfdeel hou Tuinkompetisie: Die wentuin behoort aan Katy en Martiens Braaf.
Rossouw en Ilze van Niekerk trou.
PHS se Laerskoolleiers is gekies. Hoofleiers is Bobby Greeff en Marleen Bruwer. Onderhoofleiers is Schreuder Burger en Merisa Smit.
Rolbal: Die Marine Products Wisseltrofee word gewen deur Deon van Dyk, Anton de Ruyck, Gawie Richter en Basjan Boshoff.
Laerskool Eendekuil Presteerders: Hoofleiers is Lisa van der Merwe en CP van der Merwe.
Victrix Ludorum: Lara van der Merwe, Victor Ludorum: Philip Hanekom.
Dux-leerder: Pieter Smit
Sportvrou en Ambassadeur: Gina Olivier
Mariana Olivier is tot Denneoord op Stellenbosch se huiskomitee verkies.
Wit Kersfees in Duitsland: Drie PHS'ers word uitruilstudente in Duitsland - Wilmaré van Wyk, Chris-Fick van Niekerk en Sonja van Niekerk.
Johan van Zyl wen 'n goue medalje in die 50km Cape Times/FNB Big Walk.
Vier Boland Spar werknemers word vereer: Fransiena Markus, Hester Hagen, Maria Joseph en Corrie Windell.

New Risk Officer at Bergmun

Bergrivier Municipality welcomes newly appointed Risk Officer, Kungeka Akona Mpahlwa.

Info Agter Bib Glas

In die voorportaal van Piketberg Biblioteek is twee interessante kaste. Het jy dit al opgelet? Die een is 'n fotokas, die inisiatief van wyle Appie Richter en geskenk deur Carel van Niekerk Snr. In dié kas word geskiedenis in die vorm van foto's uitgebeeld. Wie se geskiedenis? Wel, enige organisasie of groep wat belangstel. Tans word daar afskrifte van museumartikels wat reeds in die Piketberger verskyn het, daarin vertoon. In die ander kas word geskiedenis deur middel van ietms uitgebeeld. Gerna (Croeser) se hekellappies en Christelle (Brand) se ma se versameling suikerlepeltjie word op die oomblik daarin uitgestal. Het jy of 'n groep waaraan jy behoort interessante foto's of items wat in die kaste vertoon kan word? Praat gerus met die biblioteekpersoneel en stal dit vir 'n maand of twee daarin uit. Beide kaste word gesluit.

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

The OUTPOST
FAMILY RESTAURANT

Winkelshoek Centre Piketberg

064 5599 017

Private Events & Kids Play area

Experience true hospitality

BURGER MONDAY

REGULAR
BEEF, CHICKEN
OR RIB BURGER

Served with hand cut fries
and onion rings

R75

TRY OUR NEW MENU

We've revamped our menu, and it's better than ever!
Indulge in our new selection of mouthwatering steaks, savory pastas, juicy burgers, and a few surprises that are sure to delight your taste buds!
Whether you're craving something bold, comforting, or completely new, we've got something special waiting for you.
Bring your appetite, your friends, and your sense of adventure!

VISIT US TODAY TO EXPERIENCE THE DELICIOUSNESS FIRSTHAND!



PORK BELLY

Pork Belly Starter
Sticky glaze pork belly served on a Tom Yum Coleslaw

Pork Belly Main
300G Slow Cooked Sticky glaze Pork Belly served with mash or fries and onion rings

Pork Belly Burger
Served with fries and onion rings



PASTAS

Alfredo
Crispy bacon, ham, mushrooms in a rich, cream-based sauce

Chicken Pasta
Crispy bacon and chicken in a creamy mushroom sauce

Seafood Pasta
Pan fried prawns in a cream-based sauce



STEAKS

Chateaubriand
Brandy butter flambeed Fillet served with a creamy mushroom sauce

Plankie Steak
200G Tenderised Sirloin served with a traditional braaibroodjie and Chimichurri topping

Cheezy Prawn Steak
Topped with 3 prawns in cheese sauce

Uit die kunskamer van
Saars Shabby 'n Shine
met baie "shabby" en bq "shine"

Hopeloos te vinnig is dit alweer tyd om te groet vir die jaar.
Dagsê almal wat so gereeld luister na my gebrabbel, en maandeliks saam met my reis deur my
drome en nimmereindigende liefde vir papiere. Diegene met wie ek kan gesels oor al die ooeeee's
en awhhhh's van nuwe inskrywings op Pinterest, FB & vele ander platforms, maar ook vanuit ons
eie Piketberg inwoners se idees - julle is kosbaar en spesiaal.
Met die ruskans wat wink en binne 'n oogknip weer gaan wegsmelt, is daar mos 1001 goete wat op
lysies geskryf word om tog net gedoen te kry voordat die jaar sy laaste asempie uitblaas. Wel, hier
wil ek net my laaste stukkie kuns-lekkerte inwriemel.
Maak 'seblief selfs die lysies 'n WOW-ness!
Met skrif…met kleur…met krabbels, en sommer met mooi papier!
Hoekom so? Want as jy dalkies, net DALKIES nie dit wat jy neerpen gedoen kan kry nie, dan het jy
wel iets gedoen wat in jou wese 'n kreatiewe saadjie plant. Daarmee saam nooi ek jou uit om 'n
ekstra lys te maak van alles waarvoor en waaroor jy dankbaar kan wees van die, byna dooie, maar
heerlike 2024! Want selfs uit die soms slegte oomblikke, word oordadige mooi en goed gevorm.
Sluit die jaar met liefde, vergifnis, vreugde en groot drome af tot weer-brabbels in 2025!

WYNLAND
-GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543

Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.

Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling

ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com

Calendula Vriendskapstafel

Op Woensdagaand 13 November 2024 het 300 inwoners van Piketberg vir die vierde keer sedert 2019 die geleentheid gehad om by die legendariese langtafel aan te sit in Calendulastraat. En was dit nie 'n fees nie! Hierdie jaar het die kaartjies gevlieg en was daar selfs teleurgesteldes wat dit nie kon bywoon nie. Volgende jaar sal almal moet spring, dit raak uiters gewild. Vanjaar is gekenmerk deur jong talent wat opgetree het naamlik Lené Loubser en Reveshni de Bruin, Greeve Koen, JT Mdabuli, Kiara de Vries en Carllize Farao. Almal is opnuut met hoop gevul oor die toekoms van Piketberg. Sports het gevolg in die groenblokke waar nuwe vriende saam kon lag. Die kos was uit die boonste rakke. Die gaste kon heerlik saam kersliedere sing onder begeleiding van die VGK se sanggroep. Basie van Wyk van Badisa tree op as gasspreker en praat oor 'n gesonde gemeenskap. Ds Martin Goosen tree op as seremoniemeester en Past Tjaart Olivier bid vir die dorp en doen die tafelgebed.
Elkeen wat deel was kan getuig: Ons is geseënd. Ons is geliefd. Ons ken regop-mense in ons skuins dorp en kon nog nuwe regop-mense leer ken. Ons sien reeds uit na volgende jaar. Ons opregte dank aan Hannie Visser en die span van Badisa wat die leiding neem met die reëlings. Baie dankie ook aan Bergrivier Munisipaliteit, NGK Vrouediens en VGK Sanggroeplede vir almal se ondersteuningsrolle.

SINCE 1952
LIEBCO FOODS
70 years of Meaty Goodness

BESOEK JOU NAASTE LIEBCO VIR KWALITEIT PRODUKTE MET SAKPAS PRYSE!!

LIEBCO Express
CITRUSDAL ~ CLANWILLIAM
PORTERVILLE



GELUKKIGE TREKKING

WENNERS

DANKIE WILFRED SOUTMAN VIR 35 JAAR SE LOJALE DIENSLEWERING

BOKKIE HET SAAM MET LIEBCO DIE SPRINGBOKKE ONDERSTEUN IN HULLE STRYD TEEN ENGELAND.

GAAN VOLG ONS OP LIEBCO VLEISHANDELAARS SE 'FACEBOOK & INSTAGRAM' OM OP HOOGTE TE BLY MET DIE NUUTSTE AANBIEDINGE.

Groete uit Australië

deur Carushka Rabe



Die koring en kanola begin sy groen kleur verloor. Op die lande lê groot, ronde voerbale. Beeste wei op die groen weivelde. Hier en daar hop 'n klein kangaroo agter sy ma aan terwyl ander uit die buidelsak loer. In die damme swem pragtige wilde eende en swartswane.Deur die week is ons bedrywig en almal hardloop rond. Saterdae is krieketwedstryde en soms glip ons uit die huis in 'n rigting in. Met jeans, cowboyboots en cowboyhoede woon ons ons eerste Rodeo by. Die Harvey Dickson Rodeo is een van die grootste rodeo's in Wes-Australië en dis net buite Boyup Brook. Cowboys en Cowgirls wat ons op die punt van ons sitplekke hou met "barrel racing", "steer wrestling", "bull riding" en country musiek. My Texas dorp in Australië. Vir my verjaarsdag het Jurie my bederf met n boottrip Rottnest Eiland toe. Dit is so 19km vanaf Fremantlehawe, Perth met die Rottnest Ferry na die eiland toe. Rottnest Eiland is 'n natuurreservaat en 'n tuiste vir die quokkas. Die eiland is omring met pragtige wit strande waar jy kan snorkelduik, swem of net rustig sit en die wonders van die eiland kan inneem. Daar is 'n 45km staproete of 'n 22km teerpad wat jy met die bus kan ry wat jou by elke strand af- of oplaai. Ons gesin het natuurlik elkeen 'n fiets geneem en die helfte van die eiland só verken.Met middagete was ons terug by die hoofstrand vir 'n rustige middagete met cocktails, terwyl ons oor die pragtige helderblou waters kyk en die quokkas onder jou voete lê en wag vir 'n lekkerny. Met 'n pragtige "sunset ferry cruise" terug met die koel seewind oor jou gesig en pragtige sonsondergang oor die see, kan jy nie anders voel as 'n filmster in 'n romantiese eilandfilm nie.

Oud PHS'ers Gevestig in Frankryk

Christie van der Merwe in aksie op die rugbyveld

Christie van der Merwe (Gr 12 in 2014) is reeds in sy 9de jaar gevestig in Frankryk as 'n professionele rugbyspeler. Gedurende sy loopbaan, was hy reeds gekontrakteer by die beste Pro2 klubs in Frankryk – Agen, Carcassonne en Nevers. Sy nuwe 3 jaar kontrak vanaf hierdie seisoen is geteken by 'n Top-14 Klub – Vannes. Top-14 rugby word as die moeilikste klubrugby in die wêreld beskou met wedstryde teen SA Lions, Cheetahs, Montpellier, Dragons en Cardiff. Saam met sy vrou, Melanie (Pretorius) –(Gr 12 - 2012), woon hulle in die pragtige Noord-Wes Normandy streek van Frankryk. Melandri, Christie se suster (Gr 12 - 2011) en haar kêrel, Donald, het tot onlangs naby hulle gewoon in die nabye kusdorp, Sené. Melanie, Melandri en Donald werk vir aanlyn maatskappye. Pa Chris en Ma Juanita hou die Franse klubkampioenskappe en -wedstryde fyn dop met trots en sien uit na hulle volgende familie kuier saam.

Christie en sy vrou, Melanie (Pretorius) van der Merwe



Melandri van der Merwe en haar kêrel, Donald

Piketberg Dieresorg

Skenkings van komberse, hondekos, katkos, Nekbandjies, leibande en katmandjies welkom.

Hierdie advertensie geborg deur
Sam en Berenice Scheepers

DUP MEUBELS
PIKETBERG

Hiermee wil ons vir ons getroue kliente 'n geseënde feestyd en voorspoedige 2025 toewens.
Dankie vir jul ondersteuning gedurende 2024.
Kom kyk gerus na ons verskeidenheid van produkte teen die beste pryse.
Ons verskaf ook gratis kwotasies.
Die personeel, Dup Meubels

Landlyn 022 913 1251
Whatsapp 063 749 0741
Voortrekkerstraat 43, Piketberg

Piketberg Museum 2024

BAIE dankie aan almal wat op een of ander wyse gedurende 2024 by Piketberg Museum betrokke was.
Almal se ondersteuning word opreg waardeer!
Mag u 'n geseënde Kerstyd beleef en mag 2025 aan al u verwagtinge voldoen.
Museumgroete Piketberg Museumkomitee

Judo Kampioene

Lihani Slabber (regs)en Desmoné van Jaarsveld (links) het aan die Wes-Kaap Judo Ope in die Paarl deelgeneem en die volgende behaal:
Lihani behaal goud en word opgeneem in die Wes-Kaapspan wat in Oktober teen die Oos-Kaap deelgeneem het. Desmoné behaal die volgende:
Novice afdeling: Goud
Ope afdeling: Goud

Gymkhana Uitblinker

Samuel de Villiers het deelgeneem aan die WP Gymkhana Kampioenskappe in Beaufort-Wes, waarna hy gekies is vir die 0/14 WP Gymkhana-span. Hulle neem gedurende die Septembervakansie deel aan die Interprovinsiale Kampioenskappe in Kwazulu Natal, verower vele medaljes en word aangewys as die beste 0/14-span van die Kampioenskap.

Kersgeskenke

Louis Sterkenburg, nuut aangestelde Bestuurder by Huis AJLiebenberg, ontvang namens die personeel geskenke, wat by die Vrouediensafsluiting onder die Kersboom was. Marietha Goosen is by hom. Die Sterkenburgs is van Johannesburg.

Marietha Goosen oorhandig 26 pakkies aan Elize Bond, bestuurder by Piketberg Ambulansstasie en Alicia Philander, werknemer. Die pakkies was onder die Kersboom by die NG kerk se Vrouediens afsluiting.

Seeff 60 1964 - 2024
Success with every move.

KEEP ON MOVING

LOOKING FOR THE RIGHT PARTNER FOR ALL YOUR PROPERTY NEEDS?
SALES I RENTALS

No matter if you're moving in, moving out, moving up or moving down, over the past 60 years, we've opened thousands of new opportunities for people, one door at a time. That's Seeff success.

Benefit from Seeff's 60 years of success and let me help you move ahead.

Lishka Olesen
060 764 6802
lishka.olesen@seeff.com
REGISTERED WITH THE PPRA. FFC: 202401071766623

FNB Wines2Whales

Van 8-10 November neem Lorenzo Koopman, Jean-Lethin Faro, Justin Lee Februarie en Tarquin Smith deel aan die jaarlikse 3 stage MTB reeks, die FNB Wines2Whales vanaf Lourensford by Somerset-Wes tot by Hermanus. Hulle verteenwoordig die Weskus en is deel van Piketberg Fietsry klub.

Mnr & Mej Pikkie

Die wenners in die Mnr en Mej Pikkie kompetisie is:
Hayden Stuurman (2de prins), Ben-Gabriël Grobbelaar (1ste prins), James Fredericks (Mnr Pikkie),
Jana Hanekom (Mej Pikkie), Amiyah Fortuin (1se prinses), Isla Otto (2de prinses)

40 Jaar Reünie

Die 1984-matriekklas van Aurora het die naweek van 1-3 November 2024 hulle 40jaar reünie gehou: Johannes Brand, Helita (van Zyl) van der Westhuizen, Annaleen (van Zyl) Basson, Ena Smit, Willie Auret, Cecilia (De Jongh) Joubert en

Ellumeez Ken Geskiedenis

By Steynville Primêre Skool se 2024 Prysuitdeling oorhandig Sannie Klaase, Voorsitter van die Piketberg Museum Komitee, die Piketberg Museumprys vir Beste Prestasie in Geskiedenis in Gr 7 aan Ellumeez Meerka. Die boodskap aan Ellumeez is: "Ons hoop dat dié prys jou liefde en belangstelling in Geskiedenis 'n deeglike hupstoot sal gee. Onthou, jy moet weet waar jy vandaan kom, om te weet waarheen jy op pad is".

PHS Musiek

Chrismari Liebenberg en Lee-Ann Persent vaar uitstekend in hul Trinity Blokfluit eksamen. Chrismari slaag Graad 1 met Lof (85%) en Lee-Ann slaag Graad 4 met Lof (85%). Hier is hulle saam met hul musiekjuffrou, Komien van der Westhuizen.

William Booth ontvang die Hugo Holloway musiektrofee vir die hoogste punt tydens UNISA eksamen in die Laerskool.

UNISA Klavier Uitslae :

William Booth - Graad 1 Lof (86%)
Reveshni de Bruin - Graad 3 Lof (90%)
en sy is op die Ererol geplaas.

Superspar Boland borg elke jaar 'n belowende musiekleerling gedeeltelik vir 'n jaar. Baie geluk aan Leigh Wall wat in 2025 hierdie borgskap ontvang.

Baie dankie aan Superspar Boland.

Treatment	20 min (Specific Symptoms Massage)	30 min	60 min
Thai Original	R150	R280	R380
Thai Oil	R150	R280	R380
Sport Massage	R150	R330	R430
Head / Neck / Back / Shoulder	R150	R280	R380
Foot Massage	R150	R280	R380
Ear Spa	-	R280	-
Hot Stone + Massage	-	-	R500
Facial Massage	-	-	R450
Cupping + Massage	-	-	R500
Only Cupping	R250	-	-
Only Hot Stone	-	-	R380

To make a reservation please phone 064 404 9558
or send an email to bookings@fmtm.co.za

www.fmtm.co.za

PHS Prestige Aand

Graad 7 dux-toekenning: Aimée Swart Hoërskool Dux-toekenning: Jandré Truter

Graad 7 akademiese trofee: Priya Booys
Anton van Rooyen Akademiese trofee: Jandré Truter

Anieka Möller ontvang die Ambassadeursprys vir haar internasionale prestasie in Fotografie.

Reveshni de Bruin met die Alison Müller Musiektrofee.
.

Wieds Putter ontvang die skoolhoofprys in die Laerskool.

Redowan Boois ontvang die Skoolhoofprys in die Hoërskool.

Gr 7 Sportmeisie 2024: Aimeé Swart Gr 7 Sportseun 2024: Hennie Pretorius, Sportvrou 2024: Tihanie van Lill en Sportman 2024: Charl Marais. Ernwill Afrika deel die toekenning met Charl.

Hanlie Lambrechts ontvang die Gerry Kuhn Wetenskap Aansporingsbeurs: Beste prestasie vir Wiskunde en Fisiese Wetenskap Gr. 11. By haar is Richard Kuhn.

Die volgende Piketberger is die Februarie uitgawe en verskyn op 6 Februarie 2025. Sperdatum is 28 Januarie 2025. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

SSS na Sondeza

Chanique Locket, Gr 11-leerder van Steynville SS is gekies om 4-13 Desember die Sondeza Jeugleierskapskamp te Ganzekraal, by te woon. Hierdie boorling van Piketberg sal skouers skuur met ander leerders uit die provinsie, almal met leierskap potensiaal.

NOODNOMMERS PIKETBERG

POLISIE - 022 913 8800
BRANDWEER - 079 349 8619
AMBULANS - 10177 / 022 4338700
VERKEER - 083 272 4126

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Boland SUPERSPAR is excited to announce a new addition to its team, Sonja Fourie, who will be the Public Relations Officer.

NEW

Slushies

R15

Now Available

Flavours:

Mango, Grape, Raspberry, Litchi, Strawberry & Cherry

Please pay at tills

SUPERSPAR Boland wishes you and your family a Merry Christmas and a Happy New Year!

We are wishing you peace, love, and laughter during this festive season.

SPAR Rewards Sign up For More Savings

Card is FREE

tops! at SPAR | SPAR 2U The SPAR you love, now online! | SPAR Rewards More for You

Piquetberg Mall **Cheapest In Town** Piketberg 022 913 1163

Donkey Long Tong

Take Your Braai to the Next Level!

Guess what???

We are preparing something new for you on Fridays!

Family Gatsbies!

Choose between Steak and Grilled Chicken.

Fullhouse Steak Gatsby R140 / Half R80

Large Grilled Chicken Gatsby R100 / Half R60

Local Soccer Teams Shine in Boland SUPERSPAR Soccer Cup

The Boland SUPERSPAR Soccer Cup, held on the 15th and 16th of November 2024, brought together a thrilling showcase of talent from eight competitive teams across the region.

The tournament, hosted at Rhino Park Piketberg, was a spectacular display of teamwork and community spirit as the teams battled for supremacy on the soccer field.

The teams that participated in this prestigious event were: Rietkloof, Broodkraal, Groenvlei, Heimat, Platkloof, Stenebrug, Matroosfontein and Mont Piket.

Broodkraal won the Boland SUPERSPAR Soccer Cup! The team had the privilege to go watch Bafana Bafana play against South Sudan at the Cape Town stadium. Sporting Chance sponsored the tickets and made it possible for Broodkraal to the match. From Broodkraal to Bafana!

SUPERSPAR BOLAND
DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP